

4 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 4:16-26
Fokusgedeelte: Genesis 4:26b

Kom ons aanbid saam!

In Genesis 4 lees ons die tragiese geskiedenis van Kain en Abel, met die verskriklike gevolg dat Kain van die aangesig van die Here (1953-vertaling) weggaan. Hierna word die nageslag van Kain beskryf. Hoe hopeloos sou dit nie gewees het as die Bybel by Genesis 4:24 opgehou het nie. Maar dan kom God en bring vernuwing! Hy gee vir Adam en Eva weer 'n seun in die plek van Abel, en vir Set gee Hy 'n seun, Enos.

Die naam Enos beteken “mens”, en met hierdie “*tweede mens*” kom God se vernuwing. Die woorde van vers 26, “die Naam van die Here aanroep”, beteken om die Verbondsgod te ken en om toegang tot *gemeenskap met God* te hê. Saam met die woorde “die mense het begin om” sien ons dat die mens hier vir die eerste keer begin het om *gesamentlik* gemeenskap met God te hê. In Enos word as't ware die “openbare erediens gestig”. Teenoor Kain wat as gevolg van sondes van God af weggaan, gebruik God dus gesamentlike aanbidding om vernuwing te bring! God se vernuwing in ons gemeenskap tot Hom doen Hy juis saam met vernuwing in ons verhouding tot mekaar.

Met die volbringings van Christus (*die tweede Adam*) se verlossingswerk, het die voorhangsel van die tempel finaal middeldeur geskeur en het die gemeente nou direk toegang om God se Naam aan te roep. Deur die liefde van God is ons in Christus regverdig gemaak en hoef ons nie meer die ontbloting van ons sondes teenoor God en mekaar te vrees nie!

Voel jy soms jy wil vir God wegkruip? Moenie soos Kain van die aangesig van die Here af weggaan nie, maar glo aan jou regverdigmaking en roep die Naam van die Here *saam met medegelowiges* aan deur die vernuwende krag van die Heilige Gees!

Sing: Psalm 116-1:10 (1936)

Teologiese Student J Dunn